[8]

TELEFOON........................................

# DIE RAPPORTRYERSKORPS

VAN BRACKENFELL

GEAFFILIEER BY
DIE FEDERASIE VAN
RAPPORTRYERSKORPSE

ADRES Posbus 254
Brackenfell 7560

DATUM 1 Mei 1992

Die Sekretaris
Posbus 307
Isando
1600

DIE GEBRUIK VAN AFRIKAANS AS TAAL TYDENS BESPREKINGS

Dit is vir ons as Rapportryers van Brackenfell ontstellend om uit die openbare media waar te neem dat Afrikaans as spreektaal by die samesprekings in Kodesa nie tot sy reg kom nie.

Aangesien Afrikaans deel is van ons Kultuurskat glo ons dat dit sy regmatige plek behoort in te neem waar oor ons toekoms beslis word. Dit is 'n erkende feit dat enige persoon hom beter kan uitdruk in sy moedertaal en dit behoort dus so gebruik te word.

Die koste wat verbonde is aan tegnologie om Afrikaans vir anderstaliges verstaanbaar te maak kan nie opgeweeg word teen die skade wat ons kultuurgoedere lei tydens die afskeep van Afrikaans nie.

Ons sal dit waardeer as u dringend aandag kan gee aan hierdie saak wat vir ons baie na aan die hart lê.

Vriendelike groete
Die uwe

JJC Esterhuyse

JJC ESTERHUYSE
SEKRETARIS